Cash	-	-	-	-	-	-	(1,921)	-	(1,921)
Transfer (from accumulated profits)/to reserves	-	-	3,789	-	-	-	(3,789)	-	-
Balance on 28 February 2005	1,962	6,326	29,267	593	1,200	27,214	5,885	5,406	77,853

**SENTRAAL-SUID KOÖPERASIE BEPERK en sy filiale  
STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT – KOÖPERASIE  
vir die jaar geëindig 28 Februarie 2005**

	Aandelekapitaal		Reserwes			Opgehoopte winste R'000	Totaal R'000
	R'000	Algemene reserwe R'000	Gebuurlikheidsreserwe R'000	Bilike waarde reserwe R'000	R'000		
Saldo op 1 Maart 2003	463	6,325	24,601	9,114	-	40,503	
Aandele uitgereik gedurende die jaar	90	-	-	-	-	90	
Aandele afgeelos	(7)	-	-	-	-	(7)	
Aandelebelegging afgeskryf	-	(8)	-	-	-	(8)	
Surplus met hermeting na bilike waarde van beleggings beskikbaar vir verkoop	-	-	-	5,266	-	5,266	
Aanpassing teen uitgestelde belasting	-	-	-	26	-	26	
Netto wins vir die jaar	-	-	-	-	16,695	16,695	
Bonusse verklaar	-	-	-	-	-	-	
Uitgestel	-	-	-	-	(13,175)	(13,175)	
Kontant	-	-	-	-	(2,325)	(2,325)	
Oordrag (vanaf opgehoopte winste) /na gebuurlikheidsreserwes	-	-	1,195	-	(1,195)	-	
Saldo op 1 Maart 2004	546	6,317	25,796	14,406	-	47,065	
Aandele uitgereik/opgeroep gedurende die jaar	1,469	-	-	-	-	1,469	
Aandele afgeelos	(41)	-	-	-	-	(41)	
Verbeurderklaring van ledebelangfondse	-	9	-	-	-	9	
Surplus met hermeting na bilike waarde van beleggings beskikbaar vir verkoop	-	-	-	15,048	-	15,048	
Aanpassing teen uitgestelde belasting	-	-	-	(2,240)	-	(2,240)	
Netto wins vir die jaar	-	-	-	-	10,193	10,193	
Bonusse verklaar	-	-	-	-	-	-	
Uitgestel	-	-	-	-	(4,483)	(4,483)	
Kontant	-	-	-	-	(1,921)	(1,921)	
Oordrag (vanaf opgehoopte winste)/na gebuurlikheidsreserwe	-	-	3,789	-	(3,789)	-	
Saldo op 28 Februarie 2005	1,974	6,326	29,585	27,214	-	65,099	

Ingevolge Artikel 86(3) van die Koöperasiewet kan die Algemene Reserwe slegs aangewend word om kapitaalverliese te vergoed.

**SENTRAAL-SUID CO-OPERATIVE LIMITED and its subsidiaries**  
**STATEMENT OF CHANGES IN EQUITY – CO-OPERATIVE**  
for the year ended 28 February 2005

	Share capital		Reserves			Accumulated winnings R'000	Total R'000
	R'000	General reserve R'000	Contingency reserve R'000	Fair value reserve R'000			
Balance 1 March 2003	463	6,325	24,601	9,114	-	40,503	
Shares issued throughout the year	90	-	-	-	-	90	
Shares redeemed	(7)	-	-	-	-	(7)	
Share investment written off	-	(8)	-	-	-	(8)	
Surplus with re-valuation in fair value of investments available for sale	-	-	-	5,266	-	5,266	
Adjustment against deferred taxation	-	-	-	26	-	26	
Net profit for the year	-	-	-	-	16,695	16,695	
Bonuses declared	-	-	-	-	(13,175)	(13,175)	
Deferred	-	-	-	-	(2,325)	(2,325)	
Cash	-	-	-	-	(1,195)	(1,195)	
Transfer (from accumulated profits)/to contingency reserve	-	-	1,195	-	-	-	
Balance 1 March 2004	546	6,317	25,796	14,406	-	47,065	
Shares issued/recalled throughout the year	1,469	-	-	-	-	1,469	
Shares redeemed	(41)	-	-	-	-	(41)	
Forfeiture of member interest funds	-	9	-	-	-	9	
Surplus with re-valuation in fair value of investments available for sale	-	-	-	15,048	-	15,048	
Adjustment against deferred taxation	-	-	-	(2,240)	-	(2,240)	
Net profit for the year	-	-	-	-	10,193	10,193	
Bonuses declared	-	-	-	-	(4,483)	(4,483)	
Deferred	-	-	-	-	(1,921)	(1,921)	
Cash	-	-	-	-	(1,921)	(1,921)	
Transfer (from accumulated profits)/ to contingency reserve	-	-	3,789	-	(3,789)	-	
Balance 28 February 2005	1,974	6,326	29,585	27,214	-	65,099	

In accordance with Article 86(3) of the Co-operative Act, the General reserve may only be applied to compensate for capital losses.

**SENTRAAL-SUID KOÖPERASIE BEPERK en sy filiale**  
**KONTANTVLOEISTAAT vir die jaar geëindig 28 Februarie 2005**

	AANTEKENING	Groep		Koöperasie	
		2005 R'000	2004 R'000	2005 R'000	2004 R'000
<b>Kontantvloei uit bedryfs-aktiwiteite</b>					
Kontantontvangste vanaf kliente		354 458	346 231	263 463	260 022
Kontant betaal aan verskaffers en werknemers		366 519	(337 223)	(293 734)	(261 016)
Kontant deur bedrywighede voortgebring/(benut)	23	(12 061)	9 008	(30 271)	(994)
Rente ontvang	21	12 470	13 573	17 700	19 101
Rente betaal	21	(12 127)	(14 081)	(11 726)	(13 816)
Dividende ontvang		1 463	1 142	1 463	1 142
Belasting betaal	24	(4 193)	(843)	(1 292)	(788)
<b>Netto kontant uit/(aangewend in) bedrywighede</b>		<b>(14 448)</b>	<b>8 799</b>	<b>(24 126)</b>	<b>4 645</b>
<b>Ledetransaksies</b>					
Aandele uitgereik en ingetrek - netto		1 419	82	1 428	83
Ledebelangfonds terugbetaal	25	(5 162)	(871)	(5 162)	(871)
Ledeheffingsfonds terugbetaal		-	(1 588)	-	(1 588)
Vergoeding aan lede	26	(2 325)	(1 110)	(2 325)	(1 110)
<b>Netto kontant aangewend in ledetransaksies</b>		<b>(6 068)</b>	<b>(3 487)</b>	<b>(6 059)</b>	<b>(3 486)</b>
Toevoeging tot eiendom, aanleg en toerusting		(16 942)	(6 900)	(4 070)	(1 726)
Opbrengs met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting		1,044	142	337	25
Verkryging van filiaal		-	-	-	-
Lenings aan filiale terugbetaal/ (toegestaan)		-	-	3 919	(2 000)
Afname in beleggings		-	33	-	33
Toevoegings tot beleggings		-	(4)	-	(4)
<b>Netto kontant aangewend in beleggingsaktiwiteite</b>		<b>(15 898)</b>	<b>(6 729)</b>	<b>186</b>	<b>(3 672)</b>
Langtermynlenings aangeaan		8,999	-	-	-
Langtermynlenings terugbetaal		(3 315)	(2 928)	(1 019)	(1 070)
Korttermynlenings aangeaan		36 030	5 052	36 085	4 904
<b>Netto kontant uit finansierings-aktiwiteite</b>		<b>41 714</b>	<b>2 124</b>	<b>35 066</b>	<b>3 834</b>
Toename in kontant en kontant-ekwivalente		5 300	707	5 067	1 321
Kontant en kontantekwivalente aan begin van jaar	9	5	(702)	(776)	(2 097)
Kontant en kontantekwivalente aan einde van jaar	9	5 305	5	4 291	(776)

**SENTRAAL-SUID CO-OPERATIVE LIMITED and its subsidiaries**  
**CASH FLOW STATEMENT for the year ended 28 February 2005**

	NOTES	Group		Co-operative	
		2005 R'000	2004 R'000	2005 R'000	2004 R'000
<b>Cash from operating activities</b>					
Cash received from clients		354 458	346 231	263 463	260 022
Cash paid to employees and suppliers		366 519	(337 223)	(293 734)	(261 016)
Cash generated through operating activities/(utilised)	23	(12 061)	9 008	(30 271)	(994)
Interest received	21	12 470	13 573	17 700	19 101
Interest paid	21	(12 127)	(14 081)	(11 726)	(13 816)
Dividends received		1 463	1 142	1 463	1 142
Tax paid	24	(4 193)	(843)	(1 292)	(788)
<b>Net cash from/(applied in) operations</b>		<u>(14 448)</u>	<u>8 799</u>	<u>(24 126)</u>	<u>4 645</u>
<b>Member transactions</b>					
Shares issued and recalled - net		1 419	82	1 428	83
Members' interest fund repaid	25	(5 162)	(871)	(5 162)	(871)
Members' levy fund repaid		-	(1 588)	-	(1 588)
Remuneration of members	26	(2 325)	(1 110)	(2 325)	(1 110)
<b>Net cash utilised in member transactions</b>		<u>(6 068)</u>	<u>(3 487)</u>	<u>(6 059)</u>	<u>(3 486)</u>
Additions to property, plant and equipment		(16 942)	(6 900)	(4 070)	(1 726)
Yield with sale of property plant and equipment		1,044	142	337	25
Purchase of subsidiary		-	-	-	-
Loans to subsidiary repaid (incurred)		-	-	3 919	(2 000)
Decrease in investments		-	33	-	33
Additions to investments		-	(4)	-	(4)
<b>Net cash applied in investment activities</b>		<u>(15 898)</u>	<u>(6 729)</u>	<u>186</u>	<u>(3 672)</u>
Long term loans incurred		8,999	-	-	-
Long term loans repaid		(3 315)	(2 928)	(1 019)	(1 070)
Short term loans incurred		36 030	5 052	36 085	4 904
<b>Net cash from financing activities</b>		<u>41 714</u>	<u>2 124</u>	<u>35 066</u>	<u>3 834</u>
Increase/(decrease) in cash and cash equivalents		5 300	707	5 067	1 321
Cash and cash equivalents at the beginning of the year	9	5	(702)	(776)	(2 097)
Cash and cash equivalents at the end of the year	9	<u>5 305</u>	<u>5</u>	<u>4 291</u>	<u>(776)</u>

# SENTRAAL-SUID KOÖPERASIE BEPERK en sy filiale AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE vir die jaar geëindig 28 Februarie 2005

## 1 Rekeningkundige beleid

Die belangrikste rekeningkundige beleid, wat in die opstelling van hierdie finansiële state geïnkorporeer is en wat in alle wesenlike aspekte ooreenstem met die van dié vorige jaar, word hierna uiteengesit:

### 1.1 Basis van opstelling

Die finansiële state, met die uitsondering van beleggings wat herwaardeer is, is opgestel volgens die historiese koste-grondslag in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk.

### 1.2 Konsolidasiegrondslag

#### Konsolidasie

Filiale, wat daardie entiteit is waarin die groep 'n belang van meer as die helfte van die stemreg het, of andersins oor die mag beskik om die finansiële state en bedryfsbeleid te beheer, word gekonsolideer. Filiale word gekonsolideer vanaf die datum waarop beheer na die groep oorgedra word en word nie meer gekonsolideer vanaf die datum waarop beheer ophou nie.

Die aankoopmetode van rekeningkunde word gebruik om die verkryging van filiale te verantwoord. Die koste van 'n verkryging word gemeet teen die billike waarde van die gegewe bates, aandele uitgereik en laste wat op die datum van verkryging aanvaar word, plus koste wat regstreeks aan die verkryging toegeskryf kan word. Die oormaat van die koste van verkryging bo die billike waarde van die netto bates van die filiaal wat verkry is, word as klandisiewaarde te boek gestel.

Intergroep transaksies, -saldo's en ongerealiseerde winste op transaksies word uitgeskakel. Ongerealiseerde verliese word ook uitgeskakel, tensy koste nie verhaal kan word nie. Indien nodig, is die rekeningkundige beleid van filiale verander om ooreenstemming te verseker met die beleid wat deur die groep aanvaar is.

#### Klandisiewaarde

Op elke balansstaatdatum oordeel die groep of daar enige aanduiding van verswakking is. Indien sodanige aanduidings bestaan, word 'n ontleding uitgevoer om te oordeel of die drabedrag van klandisiewaarde ten volle verhaalbaar is. 'n Afskrywing word gemaak indien die drabedrag die verhaalbare bedrag oorskry.

Klandisiewaarde verteenwoordig die surplus van die koste van 'n verkryging bo die billike waarde van die koöperasie se deel van die netto identifiseerbare bates van die verkrygte filiaal soos op die datum van verkryging. Klandisiewaarde word getoon as 'n ontasbare bate.

### 1.3 Eiendom, aanleg en toerusting

Eiendom, aanleg en toerusting word met verkryging teen kosprys te boek gestel. Koste sluit in alle koste wat direk daaraan toeskryfbaar is om die bate in 'n werkende toestand te bring vir sy bedoelde gebruik. Alhoewel die direkteure van mening is dat die markwaarde daarvan die kosprys wesenlik oorskry, word vaste eiendom nie herwaardeer nie.

Waardevermindering op eiendom, aanleg en toerusting word bereken om die kosprys op die reguitlynggrondslag af te skryf na hul residuele waarde oor hul verwagte nutsduur. Geen voorsiening is vir waardevermindering op grond gemaak nie aangesien dit geag word 'n onbeperkte lewensduur te hê. Die periodes waaroor





die onderskeie bates afgeskryf word, is soos volg:

Graansilomasjinerie	: 10 jaar	Fabrieksgebou	: 20 jaar
Masjinerie en gereedskap	: 5 - 8 jaar	Ander geboue	: 20 jaar
Voertuie	: 4 - 8 jaar	Laboratoriumtoerusting	: 6 jaar
Kantoortoerusting	: 3 - 8 jaar		

Waar die verwagte toekomstige ekonomiese bruikbare waarde of lewensduur van 'n item weens veranderinge in bedryfsbenutting afneem, word addisionele waardevermindering voorsien.

Uitgawes ten opsigte van toevoegings en verbeterings van eiendom, aanleg en toerusting word gekapitaliseer soos uitgawes aangegaan word.

Winste en verliese op vervreemdings word bepaal deur die opbrengs met die drabedrag te vergelyk, en dit word in bedryfswins ingesluit.

Herstel en instandhouding word gedurende die finansiële tydperk waarin dit aangegaan word teen die inkomstestaat gedebiteer. Die koste van groot opknappings word by die drabedrag van die bate ingesluit, wanneer dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele, wat meer is as die oorspronklik geëvalueerde standaard van prestasie van die bestaande bate na die groep sal vloei. Groot opknappings word afgeskryf oor die oorblywende nuttige gebruiksduur van die bate waarop dit betrekking het.

Surplus eiendom, wat hoofsaaklik bestaan uit stoorgeriewe, word verhuur wanneer dit nie self benut word nie. Dit word derhalwe nie geag beleggingseiendomme te wees nie en word soos ander geboue gehanteer soos hierbo uiteengesit.

#### 1.4 Beleggings

Beleggings in filiale word erken teen koste minus 'n voorsiening vir waardedalings-verliese. Die groep klassifiseer sy beleggings in skuld en ekwiteit sekuriteite, wat vir 'n onbepaalde tydperk gehou word, as beleggings beskikbaar vir verkoop en word onder nie-bedryfsbates getoon. Die klassifikasie berus op die doel waarvoor die belegging verkry is.

Aankope en verkope van beleggings word erken op die transaksiedatum, wat die datum is waarop die onderneming hom verbind tot die koop of verkoop van die bate. Die aankoopskoste sluit die transaksiekoste in. Beleggings gehou-vir-verkoop word na aanvanklike erkenning teen billike waarde gemeet waarvan alle veranderinge in billike waarde direk na die staat van verandering in ekwiteit geneem word.

Beleggings wat in 'n aktiewe mark verhandel se billike waarde word bepaal met verwysing na die mark se gekwoteerde aanbodspryse. Vir aandelebeleggings in koöperatiewe entiteite word die billike waarde geag gelyk te wees aan die opbetaalde waarde daarvan. Vir ander beleggings word billike waarde beraam met verwysing na die beskikbare handelingswaarde of waar dit nie gereedlik beskikbaar is nie, word billike waarde gelyk geag aan die historiese drawaarde, min waardedaling. Ongerealiseerde winste/(verliese) met hermeting na billike waarde wat voorheen in die staat van veranderinge in ekwiteit erken is, word direk in die inkomstestaat gerealiseer wanneer die belegging verkoop word.



### **1.5 Uitgestelde belasting**

Uitgestelde belasting word voorsien volgens die aanspreeklikheidsmetode vir alle tydelike verskille wat ontstaan tussen die belastingbasis van bates en laste en hul drawaardes. Uitgestelde belastingbates ten opsigte van onbenutte belastingverliese word slegs erken in die mate wat dit waarskynlik is dat daar genoegsame toekomstige belasbare inkomste sal wees waarteen die onbenutte belastingverlies aangewend kan word. Huidige aangekondigde belastingkoerse word gebruik om uitgestelde belasting te bereken.

Die vernaamste tydelike verskille ontstaan as gevolg van waardevermindering op eiendom, aanleg en toerusting, onbenutte belastingverliese, na-aftrede mediese voordele, opgehoopte verlot, bonusse aan personeel en ander voorsienings.

### **1.6 Voorraad**

Boerderybenodigde, werkswinkelvoorraad, handelsvoorraad, verbruiksmateriaal en grondstowwe word waardeur teen die laagste van kosprys, bereken op die gemiddelde-kostebasis, of netto realiseerbare waarde, met inagneming van veroudering en verkoopbaarheid. Implementevoorraad word waardeur teen die spesifieke kosprys of netto realiseerbare waarde, welke ookal die laagste is. Klarprodukte word waardeur teen die laagste van kosprys, insluitende grondstof- en direkte koste en verwante produksieboekoste, op die gemiddelde kostebasis, of netto realiseerbare waarde.

Netto realiseerbare waarde is die beraamde verkoopprijs in die gewone loop van sake min die koste van voltooiing en verkoopskoste.

### **1.7 Produksielenings en debiteure**

Handelsdebiteure word erken teen gefaktureerde waarde minus 'n voorsiening vir slegte skulde. 'n Raming van slegte skulde word op jaareinde gemaak deur 'n oorsig van uitstaande balanse. 'n Voorsiening vir verswakking van handelsdebiteure word geskep indien daar objektiewe bewyse is dat die groep nie in staat sal wees om alle verskuldigde bedrae volgens die oorspronklike bepalings van die debiteure in te vorder nie. Die bedrag van die voorsiening is die verskil tussen die drabedrag en die verhaalbare bedrag, wat die huidige waarde van verwagte kontantvloei is, teen die markrentekoers vir soortgelyke leners verdiskonteer. Slegte skulde word gedurende die jaar afgeskryf soos dit voorkom.

### **1.8 Kontant en kontantekwivalente**

Vir die doeleindes van die kontantvloeistaat bestaan kontant en kontantekwivalente uit kontant voorhande, daggeld- en lopende rekeninge met banke, netto van bankoortrekkings. Bankoortrekking word op die balansstaat onder bedryfslaste ingesluit.

### **1.9 Lenings en handelskrediteure**

Lenings en handelskrediteure word erken teen die kosprys van goedere ontvang netto van transaksiekoste. Lenings en handelskrediteure word gemeet teen geamortiseerde koste deur gebruik te maak van die effektiewe rentekoersmetode. Verskille tussen die opbrengs en afloswaarde word direk in die inkomstestaat geneem.



### **1.10 Voorsienings**

Voorsienings word erken wanneer die groep 'n huidige wetlike of afgeleide verpligting het as gevolg van gebeure in die verlede, dit waarskynlik is dat 'n uitvloeï van hulpbronne wat die ekonomiese voordele omvat vereis sal word om die verpligting te vereffen, en 'n betroubare beraming van die bedrag van die verpligting gemaak kan word.

### **1.11 Winsdeling en bonusplanne**

'n Aanspreeklikheid vir werknemersvoordele in die vorm van winsdeling en bonusplanne word onder krediteure erken, indien daar geen realistiese alternatief is as om die las te vereffen nie, en daar aan minstens een van die volgende voorwaardes voldoen is:

- daar 'n formele plan is, en die bedrae wat betaal moet word, word bepaal voor die tydstip waarop die finansiële state uitgereik word; of
- vorige praktyk het 'n geldige verwagting by werknemers geskep dat hulle 'n bonus of winsdeling sal ontvang en die bedrag voor die tydstip waarop die finansiële state uitgereik word, bepaal word.

Daar word verwag dat die aanspreeklikheid binne twaalf maande vereffen sal word.

### **1.12 Na-aftrede mediese voordele**

Afgetrede personeel behoort aan die mediese skema van die koöperasie. Maandelikse bydraes van hierdie afgetrede lede word gesubsidieer. Ten einde hierdie omskrewede voordeelverpligting te befonds, word die mediese koste bereken met gebruikmaking van die geprojekteerde eenheid kredietmetode. Waardasies van die verpligting word gereeld gedoen deur onafhanklike gekwalifiseerde aktuarisse. Onder hierdie metode word die koste om voorsiening te maak vir na-aftrede mediese voordele in die inkomstestaat afgeskryf om die koste oor die lewensverwachting van afgetrede werknemers te versprei op grond van advies van 'n gekwalifiseerde aktuaris wat gereelde waardasies van die plan uitvoer. Die toekomstige verpligting word elke drie jaar aktuarieël waardeer. Die jongste aktuariële waardasie is op 28 Februarie 2005 gedoen. Enige aktuariële winste of verliese word in die inkomstestaat erken.

### **1.13 Pensioenskema reëlings**

Die groep bedryf 'n pensioenfonds wat bestaan uit 'n omskrewedebydraeplan. 'n Omskrewedebydraeplan is 'n pensioenplan waarvolgens die groep vaste bydraes in 'n afsonderlike entiteit ('n fonds) inbetaal en geen wetlike of afgeleide verpligting sal hê om verdere bydraes te betaal, indien die fonds nie oor toereikende bates beskik om alle werknemersvoordele met betrekking tot werknemersdiens in die huidige en vorige tydperke te betaal nie. Die bydraes vorm deel van die werknemers se totale koste van indiensname en word as sodanig by personeelkoste ingesluit.

### **1.14 Finansiële instrumente**

Die finansiële instrumente getoon op die balansstaat sluit beleggings, kontant en kontantekwivalente, produksielenings en ander debiteure, korttermynlenings, langtermynlenings en handels- en ander krediteure in. Die spesifieke erkenningsmetodes toegepas is in die individuele aantekeninge, soos van toepassing, geopenbaar.



Finansiële bates en laste word slegs erken wanneer die groep 'n party raak tot die kontraktuele voorsienings van 'n instrument.

Finansiële bates of gedeelte van finansiële bates word slegs onderken wanneer die groep beheer verloor oor die kontraktuele regte wat gepaard gaan met die finansiële bates.

Die aanvanklike erkenning van finansiële bates en laste word getoon teen kosprys, ingesluit enige transaksieskoste.

Na aanvanklike erkenning word finansiële bates soos volg gemeet:

Debiteure gegeneer deur die groep

- geamortiseerde koste deur gebruikmaking van die effektiewe rentekoers metode.

Beleggings beskikbaar vir verkoop

- billike waarde, sonder aftrekking van koste verbonde aan die vervreemding van die beleggings.

Na aanvanklike erkenning word finansiële laste as volg gemeet:

Krediteure en korttermynlenings gegeneer deur die groep

- geamortiseerde koste deur gebruikmaking van die effektiewe rentekoers metode.

Winsten en verliese op finansiële bates en laste, uitgesluit beleggings beskikbaar vir verkoop, weens jaarlikse herstatering word opgeneem deur 'n debiet of krediet na die inkomstestaat. Winsten en verliese op beleggings beskikbaar vir verkoop weens jaarlikse herstatering word opgeneem deur 'n debiet of krediet na ekwiteit tot en met die vervreemding van die beleggings, waarna die geakkumuleerde winste of verliese opgeneem word deur 'n debiet of krediet na die inkomstestaat.

### **1.15 Tesourie-aandele**

Aandele in die koöperasie wat deur Technifarm (Proprietary) Limited, SSK Vervaardigers (Eiendoms) Beperk en Southern Oil Beperk gehou word, word as tesourie-aandele geklassifiseer. Hierdie aandele word as 'n aftrekking teen die opbetaalde aandele hanteer. Die kosprys van die aandele word teen die groep se ekwiteit verreken.

### **1.16 Ledefondse**

Die koöperasie verklaar jaarliks bonusse aan sy lede op 'n grondslag wat vir die koöperasie en sy lede belangtig is. Die uitgestelde bonusse voortvloeiend hieruit word geag 'n bron van finansiering te wees en word as sulks nie as 'n langtermynlas geklassifiseer nie.

### **1.17 Hure**

Hure, waar 'n beduidende gedeelte van die risiko's en belonings van eienaarskap deur die verhuurder behou word, word as bedryfshure geklassifiseer. Betalings wat ooreenkomstig bedryfshure gemaak word, word op 'n reguitlynggrondslag oor die tydperk van die huur teen die inkomstestaat gedebiteer.

### **1.18 Inkomste-erkenning**

Verkope van goedere en dienste verteenwoordig die netto gefaktureerde waarde van verkope ten opsigte van vervaardiging, handelsbedrywighede en ander dienste, uitgesluit belasting op toegevoegde waarde en word erken met lewering van produkte en dienste. Direkte omset word as inkomste erken.



Die invordering van silokoste geskied gedeeltelik by inname van graan of die uitreik van verhandelbare silosertifikate, met die saldo by onttrekking van graan of aanbied van silosertifikate. Die presiese verhoudings waarin kostes verhaal word wissel van geval tot geval.

Ander inkomste wat deur die koöperasie verdien word, word op die volgende basisse erken:

- Rente-inkomste - soos dit ooploop tensy invorderbaarheid twyfelagtig is.
- Dividende-inkomste - wanneer die aandeelhouer se reg om die dividend te ontvang gevestig word.

### 1.19 Rekenaarprogrammatuur

Koste wat met die ontwikkeling of instandhouding van rekenaarprogrammatuur verband hou, word as 'n uitgawe erken wanneer dit aangegaan word.

### 1.20 Verswakking van bates

Daar word oorsig gedoen van eiendom, aanleg en toerusting, asook van ander nie-bedryfsbates, met die oog op verswakkingsverliese wanneer ook al gebeure of veranderinge in omstandighede daarop dui dat die drabedrag moontlik nie verhaalbaar kan wees nie. 'n Verswakkingsverlies word erken vir die bedrag waarmee die drabedrag van die bate die verhaalbare bedrag oorskry, met ander woorde, 'n bate se netto verkoopsprys of waarde in gebruik, wat ook al die hoogste is. Vir die doel van die evaluering van verswakking word bates gegroepeer op die laagste vlak waarop daar afsonderlik identifiseerbare kontantvloei is.

	Groep		Koöperasie	
	2005 R'000	2004 R'000	2005 R'000	2004 R'000
<b>2 Eiendom, aanleg en toerusting</b>				
<b>2.1 Samestelling</b>				
Grond, geboue en graansilo's	11 664	10 370	9 059	7 706
Kosprys	13 789	11 882	10 295	8 495
Opgelope waardevermindering	(2 125)	(1 512)	(1 236)	(789)
Graansilomasjinerie	2 772	2 941	2 772	2 941
Kosprys	27 891	27 429	27 891	27 429
Opgelope waardevermindering	(25 119)	(24 488)	(25 119)	(24 488)
Masjinerie en gereedskap	19 069	10 758	1 445	1 715
Kosprys	31 289	20 560	6 088	5 886
Opgelope waardevermindering	(12 220)	(9 802)	(4 643)	(4 171)
Voertuie	5 266	4 090	1 224	634
Kosprys	9 137	6 961	2 712	1 983
Opgelope waardevermindering	(3 871)	(2 871)	(1 488)	(1 349)
Laboratoriumtoerusting	88	93	-	-
Kosprys	140	125	-	-
Opgelope waardevermindering	(52)	(32)	-	-
Kantoortoerusting	1 852	1 985	1 542	1 621
Kosprys	6 366	5 720	5 621	5 061
Opgelope waardevermindering	(4 514)	(3 735)	(4 079)	(3 440)
<b>Totale vaste bates teen boekwaarde</b>	<b>40 711</b>	<b>30 237</b>	<b>16 042</b>	<b>14 617</b>



**2.2** Besonderhede van die koöperasie en sy filiale se vaste eiendomme is vir lede ter insae beskikbaar by die koöperasie se hoofkantoor.

	<b>2005 R'000</b>	<b>2004 R'000</b>
<b>3 Beleggings in filiaalmaatskappye</b>		
<b>3.1 Southern Oil Beperk</b>	5 686	10 606
Gewone aandele teen kosprys	5 686	5 686
Lening	-	4 920
<b>3.2 SSK Vervaardigers (Eiendoms) Beperk</b>		
Gewone aandele teen kosprys	1 500	1 500
<b>3.3 Technifarm (Eiendoms) Beperk</b>	1 994	2 100
Gewone aandele teen kosprys	100	100
Lening	3 000	2 000
Min: Voorsiening vir verliese van filiaal	(1 106)	-
<b>3.4 Langeberg Kunsmis (Eiendoms) Beperk</b>		
Gewone aandele teen kosprys	-	-
	<u>9 180</u>	<u>14 206</u>

Die lening aan Technifarm (Proprietary) Limited dra rente teen 9.50% per jaar en daar bestaan geen terugbetalingsvoorwaardes nie.

Die lening aan Technifarm (Proprietary) Limited is tot 'n bedrag van R1 105 820 ondergeskik gestel aan die eise van ander krediteure van die maatskappy. Die totale aandeelhouerstekort van die filiaal bedra R1 231 355 (2004 - R210 303).

	<b>2005 R'000</b>	<b>2004 R'000</b>
<b>3.5 Totale belegging in filiale</b>		
Aandele	7 286	7 286
Lenings	1 894	6 920
Debiteure	1 778	1 205
Korttermynlenings	55 362	52 058
Huurkope	2 209	2 858
Krediteure	(2 022)	(2 089)
Ledeleninge	(66)	(10)
Ledebelangefonds	(71)	(6)
	<u>66 370</u>	<u>68 222</u>
<b>3.6 Belang in nabelaste winste/(verliese) van filiale</b>		
Southern Oil Beperk (SOILL)	4 078	3 018
SSK Vervaardigers (Eiendoms) Beperk	380	655
Technifarm (Eiendoms) Beperk	(715)	(280)
Langeberg Kunsmis (Eiendoms) Beperk	2	(3)
	<u>3 745</u>	<u>3 390</u>



#### 4 Beleggings beskikbaar vir verkoop

##### Groep en Koöperasie

##### Rekonsiliasie

	2005 R'000	2004 R'000
Saldo begin van jaar	16 556	11 294
Afskrywing van belegging	-	(8)
Nuwe belegging gemaak	-	4
Waardasie van beleggings beskikbaar vir verkoop ingevolge RE 133	15 049	5 266
Saldo einde van jaar	<u>31 605</u>	<u>16 556</u>
Die beleggings bestaan uit die volgende:		
Gewone aandele in 'n koöperasie	-	-
Gewone genoteerde aandele in maatskappye	6	4
Gewone ongenoteerde aandele in maatskappye	31 599	16 552
	<u>31 605</u>	<u>16 556</u>

5 Voorraad	Groep		Koöperasie	
	2005 R'000	2004 R'000	2005 R'000	2004 R'000
Boerderybenodigdhede	18 972	16 487	18 972	16 487
Canola saad	46 473	48 941	-	-
Saadgraan	7 027	9 619	5 499	9 248
Implemente	6 857	1 994	6 857	1 994
Verbruiksmateriaal	392	405	121	129
Produkte	246	-	246	-
Grondstowwe	2 153	4 501	-	-
Klaarprodukte	3 562	2 753	-	-
	<u>85 682</u>	<u>84 700</u>	<u>31 695</u>	<u>27 858</u>

Die voorraad is aan Landbank verpand as sekuriteit vir lenings toegestaan, soos per aantekeninge 12 en 16.

#### 6 Produksielenings en ander debiteure

Lede	132 355	100 731	132 355	100 731
Lopende produksiekrediet	90 788	75 665	90 788	75 665
Oordragkuld	41 567	25 066	41 567	25 066
Produksie	36 084	23 702	36 084	23 702
Huurkope	5 483	1 364	5 483	1 364
Huurkoop - Filiaal			2 209	2 858
Filiale			1 778	1 205
Nie-lede	16 156	15 972	2 967	4 683
Diverse	5 497	5 411	4 476	3 582
	<u>154 008</u>	<u>122 114</u>	<u>143 785</u>	<u>113 059</u>

Alle bedrae ontvangbaar is aan Landbank gesedeer om te dien as sekuriteit vir lenings toegestaan, soos per aantekeninge 12 en 16.



	2005 R'000	2004 R'000
<b>7 Korttermynlenings - filiale</b>		
Voorraadfinansiering	55,362	52,058

Die lenings dra rente teen 9.50%.

	Groep		Koöperasie	
	2005 R'000	2004 R'000	2005 R'000	2004 R'000
<b>8 Kontant en kontantekwivalente</b>				
Kontantvoorskotte	6	6	6	6
Kleinkas	7	7	1	1
Banksaldo's	5 555	783	4 284	-
	<u>5 568</u>	<u>796</u>	<u>4 291</u>	<u>7</u>
Vir die doeleindes van die kontantvloeistaat is kontant- en kontant ekwivalente as volg:				
<b>Samestelling van kontant en kontantekwivalente</b>				
Kontantvoorskotte en kleinkas	13	13	7	7
Banksaldo's	5 292	(8)	4 284	(783)
	<u>5 305</u>	<u>5</u>	<u>4 291</u>	<u>(776)</u>
<b>9 Aandelekapitaal</b>				
Groep				
<b>9.1 Opbetaalde aandele</b>				
Bruto	1 974	546	1 974	546
Min Tesourie-aandele gehou deur filiale	(12)	(3)		
	<u>1 962</u>	<u>543</u>	<u>1 974</u>	<u>546</u>
Koöperasie				
<b>9.2 Uitgereikte aandele van R1 elk</b>	<u>2 997</u>	<u>2 950</u>	<u>3 009</u>	<u>2 953</u>

**9.3** Die onopbetaalde aandelekapitaal en alle verdere aandele wat uitgereik mag word, dien as sekuriteit vir lenings wat van tyd tot tyd aangegaan word by Landbank, soos per aantekeninge 12 en 16.





<b>10 Ledefondse</b>	<b>2005 R'000</b>	<b>2004 R'000</b>
<b>Groep</b>		
<b>10.1.1 Ledebelangefonds</b>	50 231	50 975
Saldo aan die begin van die jaar	50 975	38 677
Beweging gedurende die jaar		
Toevoegings uit surplusse	4 483	13 175
Terugbetalings	(5 162)	(871)
Belang gehou deur filiale	(65)	(6)
<b>10.1.2 Ledeheffingsfonds</b>	-	-
Saldo aan die begin van die jaar	-	1 587
Beweging gedurende die jaar		
Terugbetalings	-	(1 587)
	<b>50 231</b>	<b>50 975</b>
<b>Koöperasie</b>		
<b>10.2.1 Ledebelangefonds</b>	50 302	50 981
Saldo aan die begin van die jaar	50 981	38 677
Beweging gedurende die jaar		
Toevoegings uit surplusse	4 483	13 175
Terugbetalings	(5 162)	(871)
<b>10.2.2 Ledeheffingsfonds</b>	-	-
Saldo aan die begin van die jaar	-	1 587
Beweging gedurende die jaar		
Terugbetalings	-	(1 587)
	<b>50 302</b>	<b>50 981</b>

### 10.3 Ledebelangefonds

Hierdie fonds bestaan uit die oordragte van surplusse voortvloeiend uit die werksaamhede van die koöperasie.

### 10.4 Uitbetalings van fondse geskied onder die volgende voorwaardes, mits die koöperasie volgens die oordeel van die Raad finansieel in staat is om dit te doen:

- (a) Wanneer die finansiële struktuur van die koöperasie dit regverdig om terugbetalings op 'n rotasiebasis te doen.
- (b) By afsterwe van 'n lid.
- (c) By ontbinding van 'n maatskappy wat 'n lid is.
- (d) By beëindiging van boerdery.
- (e) By beëindiging van lidmaatskap op enige ander wyse.



## 11 Langtermynlenings

### Groep

#### 11.1 Versekerde lenings

Landbank

Totale bedrag uitstaande

Min Betaalbaar binne een jaar

Die lenings se rente wissel tussen 9.10% - 10% per jaar. Die lenings is aanvanklik aangegaan vir termynne van 8 tot 36 jaar.

Hierdie lenings is verseker deur:

#### Koöperasie

- Sessie van onbetaalde aandelekapitaal, alle bedrae wat aan die koöperasie verskuldig is en assurancesies, verwys aantekeninge 7 en 10.
- Verband oor die vaste eiendomme van die koöperasie, verwys aantekening 2.
- Notariële kollaterale verband oor die koöperasie se roerende eiendom, verwys aantekeninge 6 en 7.

#### Filiaal - Southern Oil Beperk

- Sessie ten opsigte van alle bedrae wat aan die maatskappy verskuldig is.
- Verband oor vaste eiendom van die maatskappy.
- Notariële kollaterale verband oor die maatskappy se roerende eiendom.
- Borgakke verskaf deur Sentraal-Suid Koöperasie Beperk.
- Landbank se belange is ook genoteer op die maatskappy se versekerings-polis.

#### 11.2 Ander lenings

Buite-aandeehouers

Rentevry

Nywerheids Ontwikkelings Korporasie

Tuinroete Agri Bpk

Ander

Min Betaalbaar binne een jaar

Rentedraend

Die rentedraende aandeehouerslening dra rente teen 9.50% per jaar en daar bestaan geen terugbetalingsvoorwaardes nie.

#### Totaal

	2005 R'000	2004 R'000
Landbank	10 555	4 880
Totale bedrag uitstaande	12 914	6 059
Min Betaalbaar binne een jaar	(2 359)	(1 179)
Buite-aandeehouers	125	116
Rentevry	-	-
Nywerheids Ontwikkelings Korporasie	-	1 582
Tuinroete Agri Bpk	-	61
Ander	-	75
Min Betaalbaar binne een jaar	-	(1 718)
Rentedraend	125	116
<b>Totaal</b>	<b>10,680</b>	<b>4,996</b>



<b>Koöperasie</b>		<b>2005</b> <b>R'000</b>	<b>2004</b> <b>R'000</b>
<b>11.3 Versekerde lenings</b>			
Landbank		2 961	3 980
Totale bedrag uitstaande		3 915	4 916
Min Betaalbaar binne een jaar		(954)	(936)

Die lenings dra rente teen 10% per jaar. Die lenings is aanvanklik aangegaan vir termynne van 10 tot 36 jaar.

Hierdie lenings is verseker soos vermeld in aantekening 11.1

	<b>Groep</b>		<b>Koöperasie</b>	
	<b>2005</b> <b>R'000</b>	<b>2004</b> <b>R'000</b>	<b>2005</b> <b>R'000</b>	<b>2004</b> <b>R'000</b>
<b>12 Handels- en ander krediteure</b>				
Handelskrediteure	18 647	18 881	15 469	15,839
Filiale			2 022	2 089
Kontantbonus	1 921	2 325	1 921	2 325
Ander krediteure	2 238	6 824	1 420	3 247
Langtermynlenings binne een jaar betaalbaar	2 359	2 897	954	936
	<u>25 165</u>	<u>30 927</u>	<u>21,786</u>	<u>24 436</u>
<b>13 Korttermynlenings</b>				
Ledelenings	65 359	77 916	65 424	77 927
Landbank	75 976	27 388	75 976	27 388
Lopende produksievoorraad	14 501	13 354	14 501	13 354
Ledeskuld	50 244	14 034	50 244	14 034
WGOL Produkte	11 231	-	11 231	-
	<u>141 335</u>	<u>105 304</u>	<u>141 400</u>	<u>105 315</u>

Die lenings van Landbank dra rente teen 8.50% en is terugbetaalbaar 15 Julie 2005.

Die lenings van Landbank is verseker deur:

- Sessie van onbetaalde aandele-kapitaal, alle bedrae wat aan die koöperasie verskuldig is en assuransies, verwys aantekeninge 7 en 10.
- Pandreg op voorraad, verwys aantekening 6.
- Borgakte verskaf deur Southern Oil Beperk wat beperk is tot die finansiering wat via die koöperasie na Southern Oil gekanaliseer is.
- Sessies verskaf deur Southern Oil Beperk ten opsigte van alle bedrae wat aan die maatskappy verskuldig is as sekuriteit vir finansiering wat via die koöperasie na Southern Oil Beperk gekanaliseer is en assuransies.

## 14 Bedryfswins

Bedryfswins is bereken na inagneming van die volgende items.

	Groep		Koöperasie	
	2005 R'000	2004 R'000	2005 R'000	2004 R'000
<b>Inkomste</b>				
Dividende ontvang				
Ongenoteerde beleggings	1 462	1 142	1 462	1 142
Kapitale wins met verkoop van vaste bates	92	31	87	9
Waardevermindering verhaal	228	21	74	17
Huur ontvang	164	88	225	178
Terugskrywing van voorsiening teen lening aan Afrigrain	1 396	-	1 396	-
<b>Uitgawes</b>				
Besoldiging - Nie-uitvoerende direkteure			347	303
Dienste as direkteur				
- Fooie			246	205
- Toelaes			101	98
<b>Bedryfshuurbetalings</b>				
Eiendom	407	260	308	260
Toerusting	6	-	-	-
Ouditeursvergoeding	318	321	238	218
Huidige jaar	283	278	219	205
Ondervoorsien vorige jaar	5	3	-	-
Uitgawes	19	22	19	13
Ander dienste	11	18	-	-
Slegte skulde afgeskryf	-	3	-	3
Verhoging/(verlaging) in voorsiening van na-aftrede mediese voordele	(387)	286	(564)	286
Verhoging in voorsiening vir twyfelagtige skulde	9	-	-	-
Voorsiening vir verlies van filiaal			1 106	-
Waardevermindering	5 745	4 837	2 468	2 179
Grond, geboue en graansilo's	615	524	449	396
Graansilomasjinerie	631	642	631	642
Masjinerie en gereedskap	2,418	2,060	472	473
Voertuie	1,266	931	262	95
Kantoortoerusting	796	672	654	573
Laboratoriumtoerusting	19	8	-	-
Personeele koste (verwys aantekening 20)	29 136	25 312	23 301	21 017
Fooie aan nie-werknemers				
Bestuursdienste	51	102	30	71
Regsdiens	2 163	1 345	2 129	1 345



	Groep		Koöperasie	
	2005 R'000	2004 R'000	2005 R'000	2004 R'000
<b>15 Personeelkoste</b>				
Totale koste van indiensname	26 920	23 656	21 262	19 361
Lone	895	859	895	859
Na-aftrede mediese koste	(387)	286	(564)	286
Aansporingsbonusse	1 708	511	1 708	511
	<u>29 136</u>	<u>25 312</u>	<u>23 301</u>	<u>21 017</u>
<b>16 Netto finansierings- inkomste/(-koste)</b>				
Rente betaal				
Rentedraende lenings				
Landbank	6 285	7 406	5 939	7 252
Ledeleninge	5 677	6 409	5 677	6 409
Banklenings en oortrekkings	90	112	75	106
Ander	75	154	35	49
	<u>12 127</u>	<u>14 081</u>	<u>11 726</u>	<u>13 816</u>
Rente ontvang	12 470	13 573	17 700	19 101
Bank	22	146	16	109
Debiteure en lede	12 359	13 427	12 098	13 267
Filiale			5 497	5 725
Ander	89	-	89	-
Netto finansieringsinkomste/(koste)	<u>343</u>	<u>(508)</u>	<u>5 974</u>	<u>5 285</u>
<b>17 Kontant deur bedrywighede voortgebring/(benut)</b>				
Netto inkomste voor belasting	20 404	24 019	11 827	17 265
Aansuiwerings vir:				
Items wat nie kontantvloei verteenwoordig:				
Waardevermindering	5 745	4 837	2 468	2 178
Waardevermindering verhaal	(228)	(21)	(74)	(17)
Wins met verkoop van bates	(92)	(31)	(87)	(9)
Verhoging/(verlaging) in voorsiening vir na-aftrede mediese voordele	(387)	286	(564)	286
Ledebelangefonds verbeur	9	-	9	-
Bonusse verklaar aan filiale	(65)	-	-	-



	Groep		Koöperasie	
	2005 R'000	2004 R'000	2005 R'000	2004 R'000
Voorsiening vir verlies in filiaal			1 106	-
Items wat elders in die kontant- vloeistaat opgeneem word:				
Rente betaal	12 127	14 081	11 726	13 816
Rente ontvang	(12 470)	(13 573)	(17 700)	(19 101)
Dividende ontvang	(1 462)	(1 142)	(1 462)	(1 142)
	23 581	28 456	7 249	13 276
Veranderinge in bedryfskapitaal	(35 642)	(19 448)	(37 520)	(14 270)
Toename in voorraad	(982)	(12,903)	(3,837)	(843)
Toename in produksielenings, ander debiteure en korttermyn- lenings	(31 894)	(12 518)	(34 030)	(16 692)
Toename/(afname) in handels- en ander krediteure en voor- sienings	(2 766)	5 973	347	3 265
Netto kontant uit/(aangewend in) bedrywighede	(12 061)	9 008	(30 271)	(994)
<b>18 Belasting betaal</b>				
Saldo aan die begin van die jaar	1 902	480	450	394
